Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2020

TOERISME NASIENRIGLYN

PUNTE: **200**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 12 bladsye.

AFDELING A: KORTVRAE

VRAAG 1

1.1	1.1.1	B ✓		
	1.1.2	B ✓		
	1.1.3	C ✓		
	1.1.4	D ✓		
	1.1.5	A ✓		
	1.1.6	A ✓		
	1.1.7	A ✓		
	1.1.8	D ✓		
	1.1.9	A ✓		
	1.1.10	C ✓		
	1.1.11	D ✓		
	1.1.12	D ✓		
	1.1.13	B ✓		
	1.1.14	B ✓		
	1.1.15	A ✓		
	1.1.16	C ✓		
	1.1.17	C ✓		
	1.1.18	C ✓		
	1.1.19	A ✓		
	1.1.20	B ✓	(20 x 1)	(20)
1.2	1.2.1	Toringbrug (Tower Bridge) ✓		
	1.2.2	Die Rooiplein ✓		
	1.2.3	Die Groot Muur van Sjina ✓		
	1.2.4	Berg Everest ✓		
	1.2.5	Die Sfinks ✓	(5 x 1)	(5)
1.3	1.3.1	Geelkoors ✓		
	1.3.2	afskrifte van hulle paspoorte in hulle inboek-bagasie te sit ✓		
	1.3.3	www.greenglobe.com ✓		
	1.3.4	groot vensters in die vertrekke in te sluit ✓		
	1.3.5	vervoer en verblyf ✓	(5 x 1)	(5)
1.4	1.4.1	B ✓		
	1.4.2	A ✓		
	1.4.3	F ✓		
	1.4.4	G ✓		
	1.4.5	D ✓	(5 x 1)	(5)
1.5	1.5.1	B ✓/AARoadwatch.ie		
	1.5.2	C ✓/travelstart		
	1.5.3	E ✓/Wêreldgesondheidsorganisasie		
	1.5.4	A ✓/Google Street View		
	1.5.5	D ✓/tripadvisor	(5 x 1)	(5)

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B: KAARTWERK EN TOERBEPLANNING; BUITELANDSE VALUTAVERHANDELING

VRAAG 2

2.1 2.1.1 Suid-Afrika +2
Japan +9
Tydsverskil: 7 ure ✓
18:00 – ✓ 7 ure = 11:00 ✓

OF

11:00 ✓✓✓ (3)

2.1.2 Engeland 0
Japan +9
Tydsverskil: 9 ure ✓
13:50 + ✓ 9 ure = 22:50 ✓ op 8 September 2019
22:50 + ✓ 11h40m = 10:30 ✓op 9 September 2019 ✓

OF

10:30 ✓✓✓✓✓ op 9 September 2019 ✓ (6)

2.1.3 Nieu-Seeland +12 (+ 1 uur DBT) +13
Japan +9
Tydsverskil: 4 ure ✓
16:50 + ✓ 4 ure = 20:50 ✓ op 9 September 2019
20:50 – ✓ 11 ure = 09:50 ✓op 9 September 2019 ✓

OF

09:50 ✓✓✓✓✓ op 9 September 2019 ✓ (6)

2.1.4 (a) Vlugvoosheid ✓ (1)

(b) Vlugvoosheid word veroorsaak deur oor baie tydsones te vlieg van oos na wes of omgekeer ✓✓ (2)

(c) Die bestuur van die Engelse rugbyspan kon verseker dat alle lede van die reisgroep:
Genoeg rus gekry het voor hulle uit Engeland vertrek. ✓✓
- Op die vliegtuig oefening gekry het deur op en af te loop, te staan en te strek.
- Nie-alkoholiese drankies, veral water, voor en tydens die vlug gedrink het.
- Die gebruik van kafeïne en alkohol voor en gedurende die vlug vermy het.
- Tydens die vlug probeer het om te slaap.
- Tyd in sonlig spandeer het om die liggaam se interne horlosie reg te stel. (2)

2.1.5 Geldige paspoort ✓✓
- Voltooide aansoekvorm
- Paspoort-grootte foto
- Volledige vlugskedule
- Retoer vliegtuigkaartjie (2)

2.1.6 Reisigers sal 'n rooi kanaal en 'n groen kanaal by doeanebeheer kry. ✓✓ Indien die reisiger 'n item/items het om te verklaar moet hy/sy deur die rooi kanaal gaan. ✓✓ Indien die reisiger niks het om te verklaar nie moet hy/sy deur die groen kanaal gaan. ✓✓
- Reisigers wat deur die groen kanaal beweeg kan gestop en deur doeanebeamptes deursoek word. Dit beteken dat reisigers wat deur doeane beweeg deur doeanebeamptes ondervra kan word en hul bagasie kan geskandeer of deursoek word vir goedere wat nie in die land gebring mag word nie. (3 x 2) (6)

2.2 2.2.1 Internet gekoppelde toestel soos 'n slimfoon of 'n tablet. ✓✓
- Internetverbinding
- Reisigers moet die toepassing aflaai. (2)

2.2.2 Die Waze-toepassing sal meer reisigers aanmoedig om in TGRSA gegradeerde ondernemings tuis te gaan wat tot verhoogde bewustheid van die TGRSA sal lei. ✓✓
- Gebruik van die toepassing deur reisigers sal na 'n positiewe beeld van die TGRSA lei.
- Nie-gegradeerde ondernemings sal aangemoedig word om hulle ondernemings te laat gradeer.
- Die kliëntebasis van die TGRSA sal verhoog word. (2)

2.2.3 Die Waze-toepassing sal reisigers help om gegradeerde verblyf te vind wat hulle sal help om hulle reis te beplan. ✓✓
- Reisigers se begrotings kan verminder aangesien hulle minder brandstof gebruik omdat minder tyd spandeer word aan bestuur in die verkeer op soek na akkommodasie.
- Gebruik van die Waze-toepassing sal reisigers help om 'n meer positiewe, ontspanne besoekerservaring te geniet. (2)

[34]

VRAAG 3

3.1 R22 500,00 ÷ ✓15,99 ✓ = €1 407,13 ✓

OF

€1 407,13 ✓✓✓ (3)

3.2 R37 800 ÷ ✓ 14,22 ✓ = $2 658,23 ✓

OF

$2 658,23 ✓✓✓ (3)

3.3 £17 x ✓ 18,07 ✓ = R307,19 ✓

OF

R307,19 ✓✓✓ (3)

3.4 3.4.1 Bruto Binnelandse Produk ✓ (1)

3.4.2 As die BBP van Suid-Afrika hoog is dui dit aan dat die ekonomie van Suid-Afrika stabiel is. ✓✓
- As die BBP van Suid-Afrika laag is dui dit aan dat die ekonomie van die land onstabiel is/afneem. (2)

3.4.3 As die waarde van die Rand afneem beteken dit dat inkomende internasionale toeriste meer Rand vir hulle buitelandse valuta sal ontvang as hulle hul geld wissel. ✓✓
Dit sal tot 'n toename in inkomende internasionale besoekers na Suid-Afrika lei. ✓✓
- Met hulle besoek aan Suid-Afrika sal hierdie toeriste in staat wees om meer geld te spandeer en die tydperk van hulle verblyf te verleng. (2 x 2) (4)

[16]

TOTAAL AFDELING B: 50

AFDELING C: TOERISME ATTRAKSIES; KULTUUR- EN ERFENISTOERISME; BEMARKING

VRAAG 4

4.1 4.1.1 **C** – Berg Fuji ✓
D – Eiffeltoring ✓
E – Leunende Toring van Pisa ✓ (3 x 1) (3)

4.1.2 **F** – Rio de Janeiro ✓ (1)

4.1.3 (a) Mekka ✓✓ (2)

(b) Saoedi-Arabië ✓ (1)

(c) Die Hadj (Hajj) ✓✓ (2)

4.2 4.2.1 Peru ✓ (1)

4.2.2 Die getal besoekers aan Machu Picchu het oor die afgelope jare ooglopend gegroei. ✓✓
- Besoekersgetalle aan Machu Picchu groei steeds.
- Die werklike getal besoekers het die teikengetal oortref.
- Die verhoogde getal besoekers het skade aan die terrein gedoen. (2)

4.2.3 Driepote ✓✓
Selfiestokke ✓✓
- Kinderwaentjies
- Rugsakke nie groter as 40x35x25 cm (2 x 2) (4)

4.2.4 Die verbod op rook sal help om die bewaring van die ekosisteem van die Inkastad te bevorder. ✓✓
Die verbod op stap op onwettige roetes sal skade aan die omgewing verhoed. ✓✓
Die verbod op die gebruik van hommeltuie sal geraasbesoedeling verminder. ✓✓
Die verbod op die voer van diere sal verhoed dat hulle mak raak. ✓✓
- Die verbod op die gebruik van driepote sal skade aan die oppervlakte van die Inkaterrein voorkom.
- Die verbod op die dra van hakke sal skade aan die oppervlakte van die Inkaterrein voorkom.
- Die verbanning van plastiek voorwerpe sal help om besoedeling van die terrein te verhoed.

LET WEL: *Antwoorde moet in 'n paragraaf geskryf word, kolpunte is gegee om nasien te vergemaklik.*

(4 x 2) (8)

[24]

VRAAG 5

5.1 A – Mapungubwe Kulturele Landskap ✓✓
B – ǂKhomani Kulturele Landskap ✓✓ (2 x 2) (4)

5.2 5.2.1 Klimaatsverandering ✓✓
- Droogte (2)

5.2.2 Hulle het vaardighede ontwikkel om water, wat 'n skaars hulpbron is, te vind. (Voorbeelde sluit in: Hulle maak vog bymekaar deur wortels te skraap en uit te druk, as hulle jag of reis grawe hulle gate in die sand om water te vind, hulle dra water in 'n volstruiseierdop). ✓✓
Hulle maak diere met 'n pyl en boog dood deur gif wat van plante of slanggif gemaak is op die pyl se punt te gebruik. ✓✓
- Hulle is uitstekende spoorsnyers.
- Hulle is baie kundig oor die gebruik van plante vir medisinale doeleindes.
- Hulle is vaardig met die versameling van eetbare plante vir kos.
- Hulle respekteer die omgewing deur slegs dinge wat vervang kan word te neem en slegs wat hulle benodig te neem. (2 x 2) (4)

5.3 Mynwerksaamhede kan tot skade aan die omgewing lei. ✓✓
- Mynwerksaamhede kan water-, stof- en geraasbesoedeling tot gevolg hê.
- Mynwerksaamhede sal tot skade aan die infrastruktuur lei.
- Mynwerksaamhede sal tot 'n afname in besoekersgetalle na die terrein lei.
- 'n Afname in besoekersgetalle na die terrein sal 'n afname in inkomste van toerisme tot gevolg hê.
- 'n Afname in besoekersgetalle sal tot werksverliese lei as gevolg van verminderde aanvraag na dienste.
- 'n Afname in besoekersgetalle sal 'n negatiewe impak op die vermenigvuldigereffek hê.
- 'n Afname in die toerisme ekonomie sal tot 'n verminderde bydrae tot die BBP lei.
- Die terrein sal nie buitelandse belegging lok nie.
- Vennootskappe tussen verskeie rolspelers kan bedreig word.
- UNESCO kan die Mapungubwe Kulturele Landskap op sy bedreigde of gevaarlys plaas. (2)

[12]

VRAAG 6

6.1 'n Toepassing (toep (app)) ✓✓
- Digitaal
- Elektronies
- Internet
- Aanlyn (2)

6.2 Die reisagente sal meer kundigheid oor Suid-Afrika opdoen om bewustheid van Suid-Afrika as 'n reisbestemming in hulle lande te skep. ✓✓
Die reisagente wat die kompetisie wen sal aan hulle kliënte eerstehandse kennis oor Suid-Afrika as 'n reisbestemming kan gee. ✓✓
Dit sal reisagente aanmoedig om Suid-Afrikaanse pakkettoere aan hulle kliënte te verkoop wat deur die groothandelaar, MWTours, ontwikkel is. ✓✓
- Dit sal reisagente aanmoedig om die dienste van South African Airways aan hulle kliënte bekend te stel. (3 x 2) (6)

6.3 Die internasionale bemarking van Suid-Afrika as 'n bestemming van keuse. ✓✓
Koördinering van die bemarkingsaktiwiteite van die rolspelers in die bedryf. ✓✓ (2 x 2) (4)

6.4 SAToerisme het Brand South Africa se kenteken (logo) wat as bemarkingsmateriaal vir die veldtog ontwikkel is, gebruik. ✓✓ (2)
[14]

TOTAAL AFDELING C: 50

AFDELING D: VOLHOUBARE EN VERANTWOORDELIKE TOERISME

VRAAG 7

7.1 7.1.1 (a) C ✓✓ (2)

(b) B ✓✓/ D (2)

(c) A ✓✓ (2)

7.1.2 Die beroepsgereedheidsprogram help leerders met skool vakkeuses, beroeps- en leefstylkeuses, daardeur word hulle bemagtig om ingeligte beroepskeuses te maak asook keuses oor die tipe leefstyl wat hulle wil lei. ✓✓ (2)

7.2 7.2.1 Besoek die wêreldklas !Khwa ttu San Erfenissentrum. ✓✓
Geniet ’n San-begeleide eBike-toer na ’n San kulturele dorpie. ✓✓
(2 x 2) (4)

7.2.2 Volhoubaarheid ✓✓
Billike aandeel ✓✓
- Demokrasie
- Respek
- Deursigtigheid
- Betroubaarheid (2 x 2) (4)

7.2.3 Vaardighede wat deur die ||Kabbo-Akademie ontwikkel word kan lede van die San gemeenskap help om werk in die gasvryheidsbedryf te kry. ✓✓
Kunstenaars en vakmanne van die plaaslike San-gemeenskap kan ’n inkomste deur die verkoop van hulle produkte by die !Khwa ttu San Erfenissentrum verdien. ✓✓
Lede van die San gemeenskap kan in diens geneem word om eBike-toere te lei. ✓✓
- Lede van die San gemeenskap kan by die !Khwa ttu San Erfenissentrum in diens geneem word. (3 x 2) (6)

7.2.4 (a) Die bestuur van !Khwa ttu behoort hernubare energiebronne soos sonpanele en windturbines te oorweeg. ✓✓
Elektriese toestelle behoort afgeskakel te wees as dit nie gebruik word nie. ✓✓
- Water moet spaarsamig gebruik word en ondernemings kan gryswater gebruik.
- Krane wat lek moet herstel word en besoekers moet aangemoedig word om handdoeke meer as een keer te gebruik en nie te laat was na een keer se gebruik nie.
- Besoekers moet aangemoedig word om te stort en nie te bad nie.
- Stortkoppe met watertoevoerbeheer behoort gebruik te word. (2 x 2) (4)

(b) !Khwa ttu behoort hulle bestemming op verantwoordelike toerisme bemarkingsplatforms te bemark. ✓✓
Die bestuur van !Khwa ttu moet verseker dat hul bestemming 'n goeie voorbeeld in terme van omgewings- sosiale- en ekonomiese praktyke stel. ✓✓

- Bestuur van !Khwa ttu moet verseker dat hulle natuurlike hulpbronne beskerm en bewaar word.
- Bestuur van !Khwa ttu moet verseker dat hulle die drie pilare van volhoubare toerisme handhaaf. (2 x 2) (4)

[30]

TOTAAL AFDELING D: 30

AFDELING E: PLAASLIKE-, STREEKS- EN INTERNASIONALE TOERISME; KOMMUNIKASIE EN KLIËNTEDIENS

VRAAG 8

8.1 8.1.1 Algemene onrus ✓✓
- Anti-regerings protesaksie (2)

8.1.2
- Toenemende kommer van toeriste het tot kansellasie van hotelbesprekings en ’n afname in besprekings gelei. ✓✓
- Besigheidstoeriste het veiliger, meer stabiele bestemmings gekies om konferensies en vergaderings by te woon wat tot ’n afname in toeriste gelei het. ✓✓
- Feeste, sportkompetisies, konferensies, uitstallings en handelskoue is as gevolg van die langdurige protesaksie gekanselleer. ✓✓
- Kansellasie van vlugte by Hong Kong Internasionale Lughawe en ander vervoerdienste wat ontwrig is het ’n negatiewe impak op die hotelbedryf gehad. ✓✓
- Buitelandse regerings het aan hulle burgers raad gegee om reis na Hong Kong te vermy.
- Globale media verslae en sosiale media het toeriste beïnvloed om Hong Kong te vermy. (4 x 2) (8)

8.1.3
- Verminder die getal werknemers. ✓✓
- Dwing hotelwerkers om minder dae in die week te werk.
- Onbetaalde verlof vir werknemers in te bring. (2)

8.2 8.2.1 Australasië ✓
Sentraal- en Suid-Amerika ✓
Europa ✓
Noord-Amerika ✓ (4 x 1) (4)

8.2.2 Die handelsverhouding tussen Suid-Afrika en Sjina het beduidend gegroei. ✓✓
- Die hoeveelheid Sjinese maatskappye wat in Suid-Afrika werksaam is lei tot ’n toename in reis vir besigheidsdoeleindes.
- Die getal Sjinese besigheidsreisigers wat konferensies in Suid-Afrika bywoon het gestyg.
- Daar is ’n toename in die getal Sjinese beleggers wat Suid-Afrika besoek om besigheidsgeleenthede te kweek.
- Die Suid-Afrikaanse regering reik aan Sjinese besigheidsreisigers 10-jaar veelvuldige toegangvisums (10-year multiple entry visa) binne vyf dae na hulle aansoek.
- Die verhouding tussen Sjina en Suid-Afrika het as gevolg van hulle BRICS lidmaatskap versterk. (2)

8.2.3 Statistiek help die toerismebedryf om die behoeftes van verskillende soorte toeriste te verstaan en daaraan te voldoen. ✓✓
- Die data laat die toerismebedryf toe om toerismeneigings te identifiseer.
- Statistiek laat die toerismebedryf toe om hulle bemarkingstrategieë aan te pas. (2)

[20]

VRAAG 9

9.1 Terugvoerkaarte ✓✓
- Kommentaarkaartjies
- Kommentaarhouers (2)

9.2 Kliënte moet vir 'n lang tydperk wag sonder dat hulle diens van die personeellid aan diens ontvang.✓✓
- Die personeellid aan diens is nie doeltreffend nie.
- Die personeellid ignoreer die gaste.
- Daar is te min personeel aan diens. (2)

9.3 Personeel behoort vir gereelde indiensopleidingskursusse gestuur te word om diensleweringsvaardighede te verbeter. ✓✓
Implementeer gereelde toesig deur bestuurders. ✓✓
Meer personeel moet gedurende besige tye aan diens wees. ✓✓
- Implementeer aansporingsprogramme wat werknemers sal aanmoedig om dienslewering te verbeter.
- Implementeer dissiplinêre prosedures vir personeel wat nie aanvaarbare vlakke van dienslewering lewer nie. (3 x 2) (6)

[10]

TOTAAL AFDELING E: 30
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorgehou